

# ORGANIESE CHEMIE

## DEFINISIES

Naam: \_\_\_\_\_

Jou Selnommer: \_\_\_\_\_

Jou e-posadres: \_\_\_\_\_

## Markovnikov se reël

Gedurende die addisie van HX (X = halogeen) en water aan onversadigde verbindings, heg die H-atom aan C-atom wat reeds die meeste H's het. Die halogeen heg dan aan die ander C-atom.

### Voorvoegsels

1 – mono  
2 – di  
3 – tri  
4 – tetra

### Agtervoegsels

|          |          |
|----------|----------|
| 1 – met  | 6 – heks |
| 2 – et   | 7 – hept |
| 3 – prop | 8 – okt  |
| 4 – but  | 9 – non  |
| 5 – pent | 10 – dek |


## Volledige verbrandingsreaksies

Koolstof brand met 'n oormaat suurstof en CO<sub>2</sub> en H<sub>2</sub>O is al produkte wat vorm.



## Onvolledige verbrandingsreaksies

Koolstof brand met 'n te kort aan suurstof en CO (koolstofmonoksied) en water vorm.



### Stappe vir balansering van verbranding:

- Skryf elke stof se formule neer.
- Sit 'n 2 voor koolwaterstof se formule.
- Balanseer eers die koolstowwe en dan die waterstowwe.
- Balanseer die suurstowwe.
- Maak seker dat dit eenvoudigste verbindingsverhouding is.

## Gekonjugeerde diene

- Wanneer dubbelbindings mekaar in 'n koolstofketting opvolg.
- Elektrone is gedelokaliseerd, dus nie beperk tot dubbelbinding nie, maar is vry om uitgesprei te word oor dubbel/enkelbindings.

## Zaitsev se reël

Indien meer as 1 produk tydens eliminasië moontlik is, sal die hoofproduk die alkeen met die hoogste gesubstitueerde dubbelbinding wees.

## Viskositeit

- Verwys na graad van vloeibaarheid van 'n stof.
- Hoe groter viskositeit, makliker sal stof vloei.
- Neem toe met kragte en C-atome.

## Kraking

Is die opbreek van molekule met groot molekulêre massa in molekule met 'n kleiner molekulêre massa.

## Hidro-halogenasie

As 'n koolwaterstof 'n waterstofhalied by kry d.m.v. addisiereaksies.

## Hidrasie

Dit is as 'n koolwaterstof 'n watermolekuul by kry d.m.v. addisiereaksies.


## Hidro-genasie

Is die addisiereaksie wat plaasvind indien waterstof saam 'n katalisator tot 'n onversadigde koolwaterstof toegevoeg word.

## Aromatiese verbindings

- 1/Meer ringe wat uit 5/6 koolstofatome bestaan.
- Ringe van 6 koolstofatome = arene/benseen ringe.
- Aangename reuke.

## Koolwaterstowwe



## Vlugtigheid

- Mate waarin 'n vloeistof in 'n damp verander.
- Neem af met toename in C-atome.

## Dampdruk

- Verwys na druk wat deur gevormde damp veroorsaak word.
- Hoe sterker die intermolekulêre kragte, hoe minder vlugtig is 'n stof en hoe laer word die dampdruk.